higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5030124)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kind-gesentreerde onderrig fokus op …

A kurrikulum doelwitte.
B leer deur ontdekking.
C ekstrinsieke motiveerders.
D grade en belonings.

1.2 Doeltreffende ouerskap sal verseker dat 'n kind ...

A gestimuleer word deur ekstra klasse by te woon.
B 'n goeie selfbeeld het.
C skugter is in geselskap.
D bevredigend in die skool presteer.

1.3 Deur gesonde kompetisie …

A verloor kinders selfvertroue wanneer hulle nie eerste is nie.
B leer kinders dat om hulle bes te doen die belangrikste is.
C leer kinders dat wen nie die belangrikste is nie.
D word kinders aangemoedig om hulle met ander te vergelyk.

1.4 Ouers wat die leiersrol in die huis vestig, sal …

A duidelike reëls vir kinders vasstel.
B geen grense vir kinders hê nie.
C kinders hulle vryheid gee.
D 'n onstabiele huis-omgewing skep.

1.5 As 'n VKO-praktisyn moet jy …

A alle kinders, ouers en kollegas met respek behandel.
B ander se menings oorsien.
C jou weerhou om nuwe idees te aanvaar.
D jouself as die belangrikste persoon beskou.

1.6 Taalontwikkeling sal nie suksesvol wees as …

A die kind liefde kry nie.
B daar interaksie met die kind is nie.
C die kind deurlopend tereggewys word nie.
D boeke vir die kind gelees word nie.

Kopiereg voorbehou

1.7 'n Grondslagfase-onderwyser sal fokus op die onderrig van kinders van graad …

A RR tot Graad 1.
B RR tot Graad 3.
C R tot Graad 3.
D R tot Graad 1.

1.8 'n Liggaamlike-opvoedingonderwyser kan die volgende programme by 'n voorskool verskaf:

A Gesondheid en veiligheid
B Vlugbal
C Kommunikasie- en lewensvaardighede
D Balvaardighede

1.9 Beplanning in VKO ...

A moet onbuigsaam wees sodat kinders en ouers weet wat om te verwag.
B word een keer 'n jaar gedoen, verkieslik aan die begin van die jaar.
C is nie belangrik as die onderwyser ervare is nie.
D maak voorsiening vir onverwagte gebeure en veranderings.

1.10 Assessering in VKO …

A is formeel omdat verslae geskryf word.
B word net twee keer 'n jaar gedoen wanneer verslae na ouers gestuur word.
C word gewoonlik gebaseer op waarnemings wat gedoen word terwyl kinders speel.
D kan nie probleme diagnoseer wat 'n kind het nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat in hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Kind-gesentreerde klaskamer word gekenmerk deur (verskillende/ soortgelyke) aktiwiteite.

2.2 Kurrikulum word gekoppel aan die (akademiese/ontwikkelings-) proses van die kind.

2.3 Kinders leer die beste van (mense in die gemeenskap/hulle ouers).

2.4 Die VKO-kurrikulum maak voorsiening vir (meer/minder) spelgebaseerde aktiwiteite.

2.5 Ervaringsonderwys behels (direkte/indirekte) ervaring in die leeromgewing en leerinhoud.

2.6 Die hoë-omvang benadering identifiseer belangrike (prosesse/ervarings) in 'n kind se ontwikkeling.

Kopiereg voorbehou

2.7 Kinders met spesiale behoeftes kan (gestigmatiseer/gesensiteer) word omdat hulle anders is.

2.8 Die (Onderwys Witskrif 6/SA Kinderwet) erken en moedig aan dat kinders van alle vermoëns in hoofstroom skole moet skool gaan.

2.9 Kinders word aktief in leeraktiwiteite betrek om (aktiewe/holistiese) ontwikkeling te bevorder.

2.10 (Doeltreffende praktyk/Beste praktyk) is wat die beste vir 'n besondere gemeenskap werk.

2.11 (Doeltreffende praktyk/Beste praktyk) is die kollektiewe ervarings van gemeenskappe van uitsonderlike gehalte onderwys.

2.12 Kinders leer die beste wanneer hulle betrokke is by (aktiewe/papegaaiwerk) leer.

2.13 Kinders leer die beste wanneer die omgewing (interessant/chaoties) is.

2.14 Kinders leer die beste deur (te sit en luister/spel en ontdekking).

2.15 'n Doeltreffende VKO-program moet ('praktiese'/'hand-vrye') ervarings gebruik.

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer alle stellings wat onwaar is.

3.1 Leer om te doen is 'n metode wat vroeë kinderontwikkeling die beste pas.

3.2 Die fokus van kind-gesentreerde onderwys is op die hele kind waardeur die kind sy/haar eie leer inisieer.

3.3 'n Kenmerk van onderwyser-gesentreerde leer is dat streng dissipline dikwels 'n vereistes in die klaskamer is.

3.4 In 'n multikulturele skool sal die onderwyser maniere kry om alle taal- en kultuurgroepe so doeltreffend as moontlik te onderrig.

3.5 Ouers is die kind se sekondêre versorger en moet dus terug tree wanneer die kind skool toe gaan.

3.6 Kulturele bewussyn onder kinders moet deur hulleself geskep word.

3.7 Wanneer musiek/liedjies vir kinders geleer word, moet dit in die kind se moedertaal gedoen word.

Kopiereg voorbehou

3.8 Ontwikkeling van taal en woordeskat word bevorder deur die gebruik van nuwe woord terwyl die kind betrokke is by fantasiespel.

3.9 Die Reggio Emilia-benadering fokus hoofsaaklik op die kind se kognitiewe ontwikkeling.

3.10 Piaget verklaar dat daar twee hoofstadiums van kognitiewe (intellektuele) ontwikkeling is.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Gee 'n woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Die eerste assessering waaraan babas onderwerp word minute ná hulle geboorte

4.2 Die kaart word deur die plaaslike kliniek gebruik om die assessering van babas (0–12 maande) se algehele ontwikkeling aan te teken

4.3 Dit word deur 'n VKO-sentrum gebruik om aan te dui of kinders sekere mylpale behaal

4.4 Word deur VKO-sentrums gebruik om die behaling van kleuters se ontwikkelingsuitkomste te evalueer deur graderings vir elke kriterium te gebruik

4.5 'n Versameling van al die aktiwiteite wat deur die kind voltooi is

4.6 'n Rekord van die kind se prestasie wat aan ouers gegee word

4.7 'n Assesseringshulpmiddel om rekord te hou van besinnings aangaande jou interaksies met die kinders op 'n daaglikse basis

4.8 Die tabel wat gebruik word om voorwerpe uit te stal waarmee die kind kan speel en sy/haar eie ontdekkings te maak

4.9 Die uitstalling bestaande uit 'n verskeidenheid voorwerpe wat aan een besondere tema gekoppel is

4.10 Die naam van die area in die klaskamer waarin geletterdheid aangemoedig word

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–U) langs die vraagnommer (5.1–5.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1	Kurrikulum	A	'n proses waardeur multikulturalisme 'n daaglikse deel van die kurrikulum deur alle areas word
5.2	Insluiting	B	gebruik die beplan-doen-hersien benadering
5.3	Nasionale kurrikulum	C	'n stel leerprogramme en hulle inhoud vas
5.4	Hoë-omvang kurrikulum	D	word deur gemeenskappe gebruik om leer in die vroeë jare te ondersteun
5.5	Infusie	E	'n manier om 'n kind se agtergrond te verstaan
5.6	Reggio Emilia-benadering	F	maak kommunikasie met ouers vinnig en gerieflik
5.7	Montessori-benadering	G	collage wat afvalmateriaal gebruik
5.8	Jean Piaget	H	selfgerigte leer
5.9	Opnames	I	gewoonlik by die ingang om ouers oor belangrike inligting in te lig
5.10	Tegnologie	J	om kinders met spesiale behoeftes in hoofstroom skole toe te laat
5.11	Nuusbriewe	K	goeie manier om met ouers te kommunikeer en hulle op die hoogte te hou oor gebeure by die skool
5.12	Boodskapboekies	L	Deurlopende Assessering Beleidsverklaring
5.13	Oueroergaderings	M	een-op-een metode van interaksie met ouers
5.14	Kennisgewingsborde	N	manier om belangrike inligting 'n daaglikse basis aan ouers te kommunikeer
5.15	Huisbesoeke	O	moenie naby die leeshoekie wees nie
5.16	Speelgoedbiblioteke	P	kinders onder twee jaar leer deur hulle sintuie
5.17	Manipuleringsarea	Q	kinders kan met items eksperimenteer en speel
5.18	Nuuskierigheid- of ontdekkingsarea	R	Lego of boublokkies
5.19	Fantasie-area	S	al die kinders se ervarings word gedokumenteer
5.20	Kreatiewe area	T	kinders word aan rolspel blootgestel
		U	manier om inligting by ouers te kry

(20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 75

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Die rol wat ouers in hulle se lewe speel, kan daartoe lei dat die kind 'n suksesvolle volwassene word.

Beskryf hoe ouers hierdie doelwit kan behaal. (6 × 2) (12)

6.2 Een van die beginsels van doeltreffende praktyk is om kinders se ouderdom en stadium van ontwikkeling in ag te neem.

Hoe sal jy as VKO-praktisyn seker maak dat hierdie beginsel behaal word? (4 × 2) (8)

6.3 Verskaf riglyne om multikulturalisme in die VKO-omgewing aan te kweek. (5)

[25]

VRAAG 7

7.1 Die Montessori-onderrig- en leermetode word as kind-gesentreerd beskou.

Verduidelik hierdie stelling. (4 × 2) (8)

7.2 Noem die DRIE hoofrolspelers wat 'n integrale deel van 'n kind se lewe vorm. (3)

7.3 'n Kind in jou groep het baie swak sig.

7.3.1 Hoe sal jy hom/haar akkommodeer ten opsigte van hoe die klaskamer ingerig word? (2 × 2) (4)

7.3.2 Beskryf kortliks TWEE kreatiewe aktiwiteite wat sy/haar gestremdheid in ag sal neem. (2 × 2) (4)

7.4 Noem DRIE items met voorbeelde wat jy by die 'rekwisiete' ('props') boks van die fantasie-area kan insluit wat verteenwoordigend van verskillende kulture sal wees. (3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 8

8.1 Beskryf die volgende terme:

8.1.1 Jeugsorgwerker

8.1.2 Kinderoppasser

8.1.3 Au pair

8.1.4 Dagmoeder

(4 × 2) (8)

8.2 Beskryf TWEE take wat van 'n kinderoppasser verwag kan word. (2 × 2) (4)

8.3 Om realisties te wees oor persoonlike sterk punte en swakhede is 'n vereistes vir 'n doeltreffende entrepreneur.

8.3.1 Noem DRIE sterk punte wat 'n entrepreneur moet hê wat sukses in die VKO-veld sal verseker.

8.3.2 Staaf die antwoorde wat jy in QUESTION 8.3.1 gegee het.
(2 × 3) (6)

8.4 Noem die riglyne om 'n ouervergadering te reël. (7)
[25]

VRAAG 9

9.1 9.1.1 Noem VYF hoofdoelwitte wanneer 'n VKO-program beplan word.
(5 × 1) (5)

9.1.2 Verduidelik elk van die hoofdoelwitte wat jy in VRAAG 9.1.1 genoem het. (5 × 2) (10)

9.2 Voltooi die aktiwiteitsbeplanning vir 'n groep 4–5 jariges wat in die tabel hieronder aangedui word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

OOGMERK	AKTIWITEIT	HULPBRONNE
1. Ontwikkeling van luistervaardighede	9.2.1	9.2.2
2. Ontwikkeling van 'n identiteit van SELF	9.2.3	9.2.4
3. Ontwikkeling van koördinasievaardighede	9.2.5	9.2.6
4. Ontwikkeling van emosie-herkenning	9.2.7	9.2.8
5. Ontdekking van vorms	9.2.9	9.2.10

(10 × 1) (10)
[25]

VRAAG 10

10.1 Dui aan of die volgende aktiwiteite GROOT MOTORIESE aktiwiteite is en watter FYN MOTORIESE aktiwiteite is. Skryf slegs 'Groot motories' of 'Fyn motories' langs die vraagnommer (10.1.1–10.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

10.1.1 Hindernisbaan

10.1.2 Ryg krale in

10.1.3 Speeldeeg en -klei

10.1.4 Eenbeentjie

10.1.5 Kol-na-kol tekening

10.1.6 Meng, roer, smeer

10.1.7 Loop, hardloop, huppel, spring, hop, kruip, rol

(7 × 1) (7)

10.2 'n Nuwe assesseringskontrolelys vir 'n Graad R-groep word opgestel:

10.2.1 Noem DRIE belangrike algemene besonderhede wat op die kontrolelys moet wees. (3)

10.2.2 Noem DRIE vlakke van prestasie waarvoor voorsiening gemaak moet word. (3)

10.2.3 Noem SES kriteria wat kinders moet behaal onder die opskrif Fisiese Ontwikkeling. (6 × 2) (12)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou